



# FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!

Kontakbesonderhede: [nuusbrief@framesby.co.za](mailto:nuusbrief@framesby.co.za)

Uitgawe 98: 16 September 2016

## LAASTE WEEK SE REËLINGS

Die Toetsreeks vir Graad 8 tot 11 loop Vrydag ten einde en die skool gaan die laaste week normaal voort. Maandag 26 September sal Dag 6 se rooster gevolg word en die dae sal daarna normaal verloop.


Antwoordstelle sal binne skooltyd deur die leerders gekontroleer word sodat alle punte teen Donderdag 29 September korrek ingevoer kan wees. Die rapporte sal op Vrydag 30 September na afloop van die afsluitingsbyeenkoms in die saal uitgedeel word. Die Graad 12's hoef eers van Woensdag 28 September skool toe te kom.

Leerders wat tydens die laaste week afwesig is sal NIE hul rapporte ontvang nie, tensy 'n AANVAARBARE SKRIFTELIKE verskoning by die betrokke Graadhoof ingedien is.

## DRAAIHEKKE ENIGSTE TOEGANG

Op enkele leerders na is die proses om al ons leerders op die draaihek-stelsel te registreer nou afgehandel. Vir die res van die kwartaal moet alle leerders van die drie draaihek-ingange, (A, B en C) soos aangedui op die kaart hieronder, gebruik maak. Die groot skuifhekke vir die motors sal toe wees. Hekke D en E sal vir voetgangerverkeer gesluit wees. Leerders wat met motorfietse skool toe kom, sal net by ingang B toegang kan verkry, en ook slegs indien Mnr. Chris Nell oor afskrifte van hul lisensies beskik. Fietsryers sal ook slegs by Ingang B toegang kan verkry. Hierdie leerders moet 'n verklaring by mnr. Van den Berg gaan aflê om geregistreer te kan word.

Baie leerders word soggens in Cornelijslaan by die busgarages-hek afgelaai. Hierdie hek mag egter nie meer as ingang gebruik word nie. Leerders word slegs as aanwesig geregistreer wanneer hulle deur die draaihekke ingaan.



Fantasia en Forte hou op 27 September hul **LENTEKONSERT** in die Skoolsaal

Inligting op bl. 4

### VERJAARDAE WIERDIE WEEK

#### Saterdag

Izaan Borman 12C  
Eldrin Davids 11E  
Francois Heunis 11A  
Jaco Kotzé 8F  
Lise Minnie 10E  
Mienke Stander 8A

#### Sondag

Shandré Dutton 8G  
Lise Joubert 12E  
Enre Lotter 10F  
Christian Venter 10E  
Nadine Venter 12G

#### Maandag

Ian Gerber 12E  
Franco van Eeden 8A

#### Dinsdag

Julia Botha 9A  
Kyle Heunis 8E  
Jacques Hills 8E  
Elizabeth Lourens 9A

#### Woensdag

Keanu du Plessis 11C

#### Donderdag

Chané Manuel 12G  
Kailan Robbert 11D  
Kaylin Smith 10D

#### Vrydag

Univa Smith 10G  
Twané Tait 12D

# FRAMESBY IS TROTS OP ...

## COETZEE KAPP VERWERF HOOGSTE TOEKENNING

Die Voortrekker-beweging is reeds vir baie jare een van die uitstaande organisasies wat die ontwikkeling van veral die Afrikaner-jeug bevorder, en hul lede kan getuig van die ongelooflike ervarings wat hulle al daar beleef het. Baie klem word gelê daarop om jongmense toe te rus met verskeie vaardighede waarmee hulle die lewe met selfvertroue kan aandurf.

Verskeie Framesby-leerders is aktiewe lede van die Voortekkers en almal werk daarvoor om in hul Matriekjaar te kwalifiseer om getoets te word in al die onderskeie vaardighede wat oor die jare aangeleer is. Na afloop van hierdie "eksamens" kan die lede die Hoofleierswag-toekenning, of die heel hoogste prestasie, die Presidentsverkenner-toekenning, ontvang. Hierdie hoogste toekenning kan vergelyk word met 'n sportprestasie op Nasionale vlak.

Een van ons matriekleerders, Coetzee Kapp, het vanjaar hierdie ongelooflike prestasie behaal en het onlangs die Presidentsverkenner-toekenning ontvang. Framesby is BAIE trots op jou, Coetzee! Baie geluk en mag jy net verdere inspirasie put uit dit wat jy vermag het. Op die foto hierbo, wat by die Voortrekkermonument geneem is, staan Coetzee in die middel van die groepie.

## LANDLOOPSEISOEN EINDIG OP 'N HOOGTEPUNT

Die 2016-Landloopseisoen het gesorg vir verskeie hoogtepunte, en Framesby is onteenseglik die top-landloopskool in die provinsie. By die liga-byeenkomste het ons atlete klokslag die onderskeie ouderdomsgroepe oorheers en het ons uiteindelik tydens die Interskole Nico Malan heeltemal verwoes!

Al die harde werk is uiteindelik beloon toe ses Framesby-atlete gekies is om aan die SA Landloopbyeenkoms in George te gaan deelneem.

Die kompetisie by hierdie byeenkoms was uiteraard baie sterk, en in elke ouderdomsgroep het sowat 200 atlete deelgeneem. Die twee Framesby-atlete wat die beste gevaar het, was Lara de Bloe in die 4 km vir Dogters O/15, waar sy 12de geëindig het, en Bjorn Ferreira, wat in die 4 km vir Seuns O/15 11de geëindig het.

Vir hierdie atlete is daar maar min rus, en almal is al weer hard aan die oefen vir die atletiekseisoen.

Baie geluk aan hierdie ses atlete. Julle het ons vanjaar baie trots gemaak!



Chané Petzer, Bjorn Ferreira en Lara de Bloe

## PROGRAM VIR VOLGENDE WEEK

Saterdag 17 September	Sondag 18 September	Maandag 19 September	Dinsdag 20 September	Woensdag 21 September	Donderdag 22 September	Vrydag 23 September
		Toetsreeks Gr. 12 Eksamen	Toetsreeks Gr. 12 Eksamen	Toetsreeks Gr. 12 Eksamen	Toetsreeks Gr. 12 Eksamen	Toetsreeks Gr. 12 Eksamen

# HEELWAT PROJEKTE TANS AAN DIE GANG

Die kwartaal is byna verby en met die eksamen en Toetsreeks wat aan die gang is, word die meeste buitemuurse aktiwiteite so 'n bietjie afgeskaal sodat genoeg aandag aan die akademie gegee kan word. Intussen staan alles nie net stil nie, en word daar tans aan 'n hele klompie kleiner projekte aandag gegee.

Die palisade-omheining aan die noordelike- en suidelike kant van die hokkieveld is nou voltooi. Die muur wat op die hoek van Cornelialaan en Haydenlaan aangebring is sal binnekort voltooi word met die skoolnaam en wapen wat daarop aangebring sal word.

Die dogters/dames-badkamer by die pawiljoen word tans heeltemal oorgedoen. Die toilette en wasbakke word almal vervang en daar word 'n spesiale toilet vir rolstoelgebruikers ingerig. Die voltooide produk sal beslis iets wees om met trots te gebruik. Die seuns/mans-badkamer, sowel as die kleedkamers binne die pawiljoen sal volgende aan die beurt kom.

Die nuwe gebou langs die A-veld word reeds geruime tyd gebruik. Die twee dubbel-garages het groot verligting gebring en al ons busse kan nou binne al ons garages parkeer word. Ons hoop om binnekort die onderhandelinge rondom die beoogde klerewinkel te finaliseer en dat 'n privaatsmaatskappy dit op kontrakbasis sal bedryf. Die Framesby Opvoedkundige Trust is verantwoordelik vir hierdie projek, maar alles dui daarop dat die winkel 'n groot bate vir die skool kan wees. Intussen is die vertrek op die boonste vloer ook al vir 'n hele paar funksies gebruik, maar heelwat afrondingswerk moet nog gedoen word voordat die vertrek werklik veeldoelig sal wees. Die volgende stap, wat binnekort sal plaasvind, is om die vloeroppervlakte te seël.

Ouers wat die skool in die laaste paar maande besoek het sou opgemerk het dat die ingangsportaal van die skool pragtig opgeknip is.

Die onderhoud van ons sportvelde stel ook hoë eise, en die A-veld is tans nie in 'n baie goeie toestand nie. Die insette van professionele kenners op hierdie gebied word tans ingewin, en ons hoop om teen die einde van die jaar die gras weer lowergroen te hê. Intussen word die moontlikheid van 'n "Astro" steeds ondersoek!

Ons is ook groot dank verskuldig aan 'n ouer wat goedgegunstiglik spreiligte op die pawiljoen aangebring het. Nie net sal dit aand-oefeninge moontlik maak nie, maar sal ons beslis Atletiek-aand-byeenkomste met groot gemak kan aanbied. Hierdie ligte verlig die veld dat dit soos daglig lyk!

## TOETSREEKS-ROOSTER VOLGENDE WEEK

	Skryfsessie	Graad 8	Graad 9	Graad 10	Graad 11
<b>Maandag 19 September</b>	<b>1</b> (07:40 – 10:05)	Sosiale Wetenskappe	Natuur-wetenskappe	CAT	Rekeningkunde
	<b>2</b> (10:30 – 13:00)	Sosiale Wetenskappe	Natuur-wetenskappe	IGO	
<b>Dinsdag 20 September</b>	<b>1</b> (07:40 – 10:05)	Afrikaans	English	Fisiese Wetenskappe	CAT IT
	<b>2</b> (10:30 – 13:00)		Tegnologie	Toerisme	Geografie
<b>Woensdag 21 September</b>	<b>1</b> (07:40 – 10:05)	English	Afrikaans	Lewens-wetenskappe	Wiskunde Wisk. Gelett.
	<b>2</b> (10:30 – 13:00)			IT Geografie	
<b>Donderdag 22 September</b>	<b>1</b> (07:40 – 10:05)	Natuur-wetenskappe		Rekeningkunde	Fisiese Wetenskappe
	<b>2</b> (10:30 – 13:00)	Natuur-wetenskappe		Verbruiker-studie	Toerisme
<b>Vrydag 23 September</b>	<b>1</b> (07:40 – 10:05)		EBW	Afrikaans	
	<b>2</b> (10:30 – 13:00)	Tegnologie		English	Besigheid-studies



# ALGEMEEN EN SIELSKOS

## BEVRY VAN DIE VREES

Die dood is om verskillende redes vir ons verskriklik. Vereers maak dit 'n einde aan die vreugde van ons aardse bestaan, wat op sigself, ondanks al die frustrasie en smart daarvan, tog iets onuitspreeklik heerliks is. Die dood skeur ons los van ons geliefdes. Dit bring 'n einde aan ons ervaring van gemeenskap met mekaar en blydskap in mekaar. Dit sny ons af van almal en alles waaraan ons hart met duisend bande vasgeheg was. Die gedagte daaraan kan nie anders as pynlik wees nie. Omdat die lewe 'n goeie gawe van die lewende God is, is dit vervul met die begeerte om nooit weer op te hou nie, om ewig te wees. Ons vrees die dood, omdat dit 'n punt agter ons aardse lewe plaas. Dit is dan verby, onherroeplik verby. Ons spel is uitgespeel, ons uur is om. Dit is begryplik dat die gedagte daaraan ons met nostalgie en hartseer vervul. Ons vrees vir die dood het egter nog 'n dieper grond. Ons vrees die dood veral omdat dit ons voor die regterstoel van God plaas. Daaroor laat die Bybel geen twyfel nie. Die hele span van ons lewe lê dan oop en bloot voor Gods aangesig en word in die helder lig van sy oordeel tot op die bodem deurskou. Geen enkele sonde van woord, daad, gedagte of gesindheid kan in die, lig verborge bly nie. Die dood is meer as die beëindiging van ons lewe. Dit is ook oordeel, konfrontasie met God wat Regter is en rekenskap vra van wat ons met die lewe gemaak het. En omdat niemand die toets van Gods geregtigheid kan deurstaan nie, is die dood vir die mens buite Christus ook die poort na die verderf. Die begrip "dood" het in die Bybel 'n dubbele betekenis. Dit beteken nie net die einde van ons tyd nie. Dit beteken ook die ingang in die vloek wat op die sonde rus, die ontvangs van die loon van die sonde, die ewige vervreemding van God wat die bron van ons bestaan en vreugde is. Vir die mens in Christus is hierdie tweede betekenis van die dood egter weggeneem deur die dood en opstanding van Christus. Daarom verloor die dood en die oordeel van God vir die gelowige die element van verskrikking. Ook hy kom in die oordeel, maar omdat Christus se bloed hom bedek, ontvang hy die vrypraak en is sy dood 'n oorgang na die vreugde van die Vaderhuis. Dit verander nou egter ook die pynlikheid van die eerste betekenis van die dood. Die aardse bestaan met al wat daarin dierbaar is, word wel agter gelaat, maar ons neem dit met ons mee, gesuiwer en geheilig deur die bloed van die Lam, as herinnering en ewige bewys van Gods genade wat ons hele lewe met sy goed en kwaad in sy liefde opgeneem het, in vergiffenis en herstel, tot lof van sy ewige heerlijkheid. As ons die evangelie kinderlik glo, bevry dit ons nie net van die vrees vir die dood nie (Hebreërs 2:15). Dit troos ons ook as ons weet dat niks van die lewe wat goed en heerlik was, ooit vir ons verlore sal raak nie.

Uit *Die Burger*, 25 Augustus 1999

## FANTASIA EN FORTE HOU KONSERT!



### Lentekonsert

27 September 2016

18:30 vir 19:00

Skoolsaal

Bring eie drink- en eetgoed

Prys: R30 per persoon  
10 persone per tafel

By dié luisterryke konsert gaan die Fantasia-koor, Forte-instrumentale ensemble en musiekleeders die gehoor met aangename musiek vermaak.

Kontak: Sonneke 083 651 5833

'Lucky Draws' - te veel om hier te noem!

## GR. 12-EKSAMEN VOLGENDE WEEK

Nog 'n besige week lê voor vir ons Matrieks, maar die einde is gelukkig in sig. Die meeste Matrieks maak Vrydagmiddag klaar, met net Toerisme en IGO wat nog in die laaste week afgehandel moet word. Baie sterkte met elke vraestel!

	09:00	14:00
Maandag 19 Sept.	Wiskunde V2 Wisk. G. V2	
Dinsdag 20 Sept.	Afrikaans Vraestel 2	Lewens- wetenskap V1
Woensdag 21 Sept.		IGO Vraestel 1
Donderdag 22 Sept.		
Vrydag 23 Sept.	English Paper 2	Lewens- wetenskap V2